21 Emosies

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Koppigheid

## Spreuke 29

Daar is 'n groot verskil tussen vasberadenheid en koppigheid. Vasberadenheid het met oortuigings te make. Maar koppigheid is steeksheid.

Jy sal selfs teen jou beterwete in koppig wees, net sodat ander nie die oorwinning in die argument behaal nie.

'n Wyse mens is leerbaar eerder as eiewys (Spreuke 21:11). 'n Wyse mens kan sy of haar foute erken.

Hardkoppigheid is onbuigsaamheid. Nie een van ons wil bekendstaan as dat ons hardkoppig is nie. Maar as iemand al verskeie kere vir jou aangeraai het om iets op 'n ander manier te doen,of jou net goeie raad gee, en jy weier botweg sonder om die voorstel te oorweeg, is jy hardkoppig.

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?

Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?

Waarom beleef jy daardie emosies?

Notas

Huiskerk
Quellerina Gemeente

21 Emosies

# Koppigheid

Tot wie se voordeel is die spreekwoorde? (v2-4)

Wie sal dit hoor en leer? (v5)

Wat is die begin van kennis? (v7)

Wat moet jy doen as sondaars jou lok? (v10,v15)

Hoe reageer mense verkeerd op die oproep tot wysheid? (v22,v24-25v,30)

Watter beloning is daar vir die wat na wysheid luister? (v33)

Hoe kan dit jou bevoordeel om na ander mense se raad te luister?